



GRAAD 10: PROEFVRAESTEL EKSAMEN
2006

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I
LEERUITKOMS 2 & 4

MEMORANDUM

Tyd: 2 uur

100 punte

AFDELING A BEGRIPSLEES

VRAAG 1 (LU 2 + 3)

- 1.1 Suid-Afrika het 'n groot verskeidenheid in sy natuur en onder die mense. (Bloom: vlak 4: som op en vlak 5: analiseer)
- 1.2 Ons land het 'n verskeidenheid van mense en kulture. (Desmond Tutu.) (Bloom: vlak 5: analiseer en vlak 4: pas toe)
- 1.3 Albei is uiteenlopend / daar is 'n verskeidenheid. (Bloom: vlak 5: vergelyk)
- 1.4 Toeristebestemmings / besoekplekke / besienswaardighede. (Bloom: vlak 2: kennis)
- 1.5 Om te beklemtoon dat jy nie die plekke mag misloop nie. (Volgens Nasionale Senior Sertifikaat Eksamineringshandboek moet enkele taalpatrone ook getoets word, bv. punktuasie.)
- 1.6 Dit was die eerste stad in die Kaap. (Bloom; vlak 5: analiseer, dui oorsaak aan.)
(Toerisme) – brosjure (Vlak 2: kennis, identifiseer)
- 1.8 (a) ...asem word weggeslaan... (Vlak 3: begrip)
(b) Omdat dit so hoog is. (Vlak 3: begrip, maak 'n afleiding)
- 1.9 Die Kasteel. (Vlak 2: kennis)
- 1.10 Wêreldberoemde. (Vlak 2: kennis, identifiseer)
- 1.11 Gevangenis. (Vlak 2: kennis, identifiseer / soek)
- 1.12 (a) Daar is baie mooi natuurskoon en plantegroei langs dié roete. (Vlak 3: begrip, interpreteer, Vlak 4: toepassing, verbande bewys)
(b) WAAR - Dit lê uitgestrek teen die Suid-Afrikaanse suidkus. (Vlak 3: begrip, identifiseer)

VRAAG 2 Advertensie

- 2.1 (a) 2 (Vlak 3: begrip, vlak 4: toepassing, analiseer / verskuilde betekenisse)
(b) 4 (Vlak 3: begrip, vlak 5: analiseer / verskuilde betekenisse)
(c) 5 (Vlak 3: begrip, vlak 4: toepassing)
(d) 7 (Vlak 4: toepassing, vlak 5: analiseer)
- 2.2 Dit kan gesteriliseer word in water en bleikmiddel (Vlak 3: begrip, vlak 4: toepassing)
- 2.3 (a) In Italië (Vlak 4: toepassing, vlak 2: kennis)
(b) Krokodille (Vlak 2: kennis)
- 2.4 Jy sal nie gly met crocs aan nie. (Vlak 6: sintese / modifiseer / rekonstruktueer)
- 2.5 (a) jy kan omtrent enige kleur crocs kry om by enige uitrusting se kleur te pas, ens.
(Vlak 4: toepassing, vlak 6: sintese)
(b) Pêrelwit (Vlak 4: toepassing)
- 2.6 Eie slagspreuk deur leerder. (Vlak 4, 5 en 6)
- 2.7 Leerder se eie evaluasie. (Vlak 7: evaluasie)

VRAAG 3 Visuele teks

- 3.1 (a) Daar is 'n kat in die kombuis, ens. (Vlak 3 en 4)
(b) Daar is 'n gesnyde koek op die tafel, ens. (Vlak 3 en 4)
(c) Daar is 'n telefoon teen die muur, ens. (Vlak 3 en 4)
- 3.2 Leerders se eie idees. (Vlak 5 en 6)
- 3.3 Die kombuis is die middelpunt van die gesin – die bymekaarkomplek. Almal kom een of ander tyd per dag in die kombuis. (Vlak 4)

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4

- Leerders moet instruksies duidelik volg
- Daar mag slegs 5 vrae en 5 antwoorde wees
- Nie meer as een vraag oor 'n feit nie
- Leerders moet sover moontlik hul eie woorde gebruik.
- Aantal woorde moet aan einde van vrae aangedui wees

Moontlike vrae:

Vraag 1: Wat was die eerste vreemde woord wat Ziggy gesê het?

Antwoord 1: Hy het die naam "Gary" gesê.

Vraag 2: Wat het Ziggy soms gedoen terwyl hy die naam gesê het?

Antwoord 2: Hy het soengeluide gemaak.

Vraag 3: Wanneer het mnr. Taylor besluit om sy vriendin te konfrontere?

Antwoord 3: Toe Ziggy herhaaldelik "I love you, Gary" begin sê het.

Vraag 4: Wat het Ziggy geskree wanneer mnr. Taylor se meisie se selfoon gelui het?

Antwoord 4: Hy het "Hiya Gary!" geskree.

Vraag 5: Waarom was mnr. Taylor se eks-meisie verbaas dat hy van Ziggy ontslae geraak het?

Antwoord 5: Sy het gesê dat mnr. Taylor meer met Ziggy as met haar gepraat het.
(96 woorde)

- Trek $-\frac{1}{2}$ af vir taalfoute (Maksimum 4 foute = 2 punte)
- -1 as aantal woorde nie aangedui is nie
- -1 as korrekte formaat nie gebruik is nie
- -1 vir minder as 90 of meer as 110 woorde
- -1 vir direkte aanhalings (Maksimum 3 keer penaliseer)

AFDELING C POëSIE

- 5.1 Om te beklemtoon of te versterk.
Dit kan ook 'n ritmiese patroon in 'n gedig vorm. (2)
- 5.2.1 Weg van die snydende oë van die rassistiese monster/weg van Londen (1)
- 5.2.2 Die blootstelling aan die publiek se oë/vernedering (1)
- 5.2.3 'waar die oeroue berge jou naam uitroep' (1)
- 5.3 Vir die spreker is sy baie mooi – ewige skoonheid. Vir die snydende oë was sy 'n frats/ vol haat wanneer hulle na haar kyk. (2)
- 5.4
- 5.4.1 "waar die proteas pronk"
"daar sing die rivier"
"waar die oeroue berge jou naam uitroep" (1)
- 5.4.2 Proteas kan nie werklik pronk nie.
Riviere kan nie sing nie.
Berge kan nie praat nie. (1)
- 5.4.3 Dit gee 'n dimensie van menslikheid aan die natuur wat simpatiek staan teenoor die aangesprokene. (2)

10 punte

VRAAG 6 Voorbereide gedig

- 6.1 Die onderwyser loop rond terwyl die kinders tjoepstil sit. (2)
- 6.2 Metafoor – die leerders word hier vergelyk met banke wat doodstil sit. Ook dus personifikasie. (1)
- 6.3 Bang/senuweeagtig. Hulle hande bewe. (1)
- 6.4 Die tyd gaan stadig verby. Die metrum versterk en beklemtoon dus 'twee ure' (1)
- 6.5 Beklemtoon die reël: die onvermydelikheid van tyd (1)
- 6.6
- 6.6.1 'Hande bewe met rukke oor skoon wit velle'
- 6.6.2 'Die horlosie tel twee ure af'
- 6.6.3 'Sy stap en oes die stelle een vir een"
- 6.6.4 'tussen rye tjoepstil banke' (2)
- 6.7 Gepaste emosie met verduideliking. (2)

10 punte

VRAAG 7 **Ongesiene gedig**

- | | | |
|-----|---|-----|
| 7.1 | Een | (1) |
| 7.2 | 7.2.1 C
7.2.2 D
7.2.3 B
7.2.4 A
7.2.5 E | (5) |
| 7.3 | Oor stadskinders/kinders wie se ouers te besig is om tyd aan hulle te spandeer en lei tot hul ondergang/betrokkenheid by die verkeerde dinge in die lewe. | (2) |
| 7.4 | 'gebad en gevoer' | (1) |
| 7.5 | Lugbesoedeling / rookbesoedeling | (1) |

10 punte

AFDELING D **KOMMUNIKATIEWE TAAL**

VRAAG 8

(By vrae wat 2 punte tel, is 1 punt vir taal en 1 vir inhoud)

- | | |
|-----|--|
| 8.1 | LU4 AS2 (Gebruik die infinitief korrek) Bv koekies in die hande te kry. |
| 8.2 | LU4 AS2 (Groep 3 voegwoord) Bv die wasbak oorloop nie. |
| 8.3 | LU4 AS1 en 2 (Uitroep/ direkte rede/ woordeskat) Bv Oppas! / Pasop! / Wees versigtig! |
| 8.4 | LU4 AS2 (Voorsetsel) van |
| 8.5 | LU4 AS1 en 2 (Woordeskat en direkte rede) Bv “Het jy baie seergekry?” |
| 8.6 | LU4 AS2 (Toekomende tyd) Bv twee keer te dink / versigter te wees |

10 punte

VRAAG 9

(LU4 AS1 word hoofsaaklik hier getoets)

- | | |
|------|---|
| 9.1 | afgeloop (spelpatroon, spelreël) |
| 9.2 | gelede (spelpatroon, homofone) |
| 9.3 | wat (betreklike voornaamwoord) |
| 9.4 | geken (woorde wat algemeen verwarring word) |
| 9.5 | babas (meervoud sonder afkappingsteken) |
| 9.6 | punte (anglisisme / woorde wat algemeen verwarring word) |
| 9.7 | Haar (voornaamwoord) |
| 9.8 | klere (homofone/ spelpatroon) |
| 9.9 | Toe (verledetydswoord wat algemeen verkeerd gebruik word) |
| 9.10 | wêreld (spelpatroon/ kappie word gereeld op tweede 'e' geplaas) |

10 ÷ 2 = 5 punte

VRAAG 10

(LU4 AS2 word hoofsaaklik hier getoets)

- 10.1 stede (meervoud)
- 10.2 byvoorbeeld (afkorting)
- 10.3 winkeltjies (verkleiningsvorm)
- 10.4 spotgoedkoop (intensiewe vorm)
- 10.5 pragtige (predikatiewe byvoeglike naamwoord) / pragtigste (oortreffende trap)
- 10.6 party (sinonieme)
- 10.7 Portugese (korrekte vorm van pleknaam)
- 10.8 groente (versamelnaam)
- 10.9 vrugte (versamelnaam)
- 10.10 kafeetjies (meervoud/ spelling)
- 10.11 dikwels (woordeskat)
- 10.12 teen (voorsetsel)
- 10.13 sypaadjie(s) (verbinding)
- 10.14 gerookte (deelwoorde)
- 10.15 is (lydende vorm, verlede tyd)